**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BEDRYFSEKONOMIE HG**

**FEB / MAR 2006**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

  – AFDELING A: Vraag 1 is VERPLIGTEND.
  – AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.
  – AFDELING C: Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

- Jy moet slegs SEWE vrae beantwoord. Addisionele werk sal nie nagesien word nie.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
- Begin elke nuwe vraag op ? nuwe bladsy.
- Die tyd wat jy spandeer asook die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die puntetoekenning van die vraag.

---

AFDELING A

**VRAAG 1**
**VERPLIGTEND**

Kies die korrekte antwoord op Vrae 1.1 tot 1.20 uit die vier moontlikhede wat verskaf word.

Dui die korrekte antwoord aan deur 'n kruisie **(X)** oor die toepaslike letter op die **antwoordblad** aan die **binnekant van die omslag** van jou **antwoordboek** te trek.

1.1 Die bates van ? publieke maatskappy is die eiendom van die ______ .

A. maatskappy
B. direkteure
C. aandeelhouers
D. publiek

1.2 Toleransiegrens verwys na ____________ .

A. die getal inspeksies per inspeksiepunt
B. betroubare inspeksiemetodes
C. die getal inspeksiepunte
D. aanvaarbare afwykings van gestelde standaarde

1.3 ___________ is geregtig om aandele te verhandel deur die JSE Sekuriteitebeurs SA.

A. Beslote korporasies
B. Vennootskappe
C. Openbare- / publieke maatskappye
D. Privaat maatskappye

1.4 Die verspreiding van groot risiko's deur versekeringsmaatskappye staan bekend as _____________ .

A. groepversekering
B. herversekering
C. subrogasie
D. sedering

1.5 Hierdie dokument gee aan Grootfontein (Edms) Beperk die reg om te begin handeldryf.

A. Sertifikaat om sake te mag doen
B. Akte van Oprigting
C. Sertifikaat van Inlywing / Inkorporasie
D. Prospektus

1.6 Die naam van ? maatskappy eindig met "Beperk". Dit dui aan dat die __________ .

A. nominale kapitaal van die maatskappy tot ? sekere bedrag beperk is
B. aantal direkteure beperk is
C. aantal aandeelhouers beperk is
D. aanspreeklikheid van die aandeelhouers beperk is

1.7 Indien Woolworths en PPC Sement sou amalgameer, sal dit ? voorbeeld van ___________ amalgamasie / samesmelting wees.

A. laterale
B. horisontale
C. vertikale
D. diagonale

1.8 Mense wat aan ? besigheid geld skuld, staan bekend as ________ .

A. krediteure
B. debiteure
C. kontrakteurs
D. skuldinvorderaars

1.9 Die faktorering van debiteure is ? metode om ___________ kapitaal te verkry.

A. geleende
B. vreemde
C. vaste
D. bedryfs-

1.10 ? Onderneming met ? totale kapitaal van R2,4 miljoen en ? netto wins van R4 000 vir die afgelope finansiële jaar, word beskou as _______ .

A. likied
B. oorgekapitaliseerd
C. insolvent
D. ondergekapitaliseerd

1.11 Watter een van die volgende redes sal aanleiding gee dat die vervaardiger verkies om van ? indirekte bemarkingsmetode gebruik te maak?

A. Onbillike hoë winsgrense van groot- en kleinhandelaars
B. Gebrek aan ervaring om eie verspreiding waar te neem
C. Vervaardiging van ? gespesialiseerde produk
D. Handelaars verkoop produk onder hul eie handelsmerk

1.12 Hierdie bestuurselement is verantwoordelik vir die verdeling van pligte in die verskillende bestuursvlakke.

A. Koördinering
B. Organisering
C. Dissiplinering
D. Beheer

1.13 Die inhoud van ? restaurant is R400 000 werd en dit word vir R320 000 verseker. Inhoud ter waarde van R80 000 word tydens ? inbraak gesteel. Watter bedrag sal deur die versekeraar uitbetaal word indien die awery-klousule toegepas word?

A. R 48 000
B. R 80 000
C. R 64 000
D. R320 000

1.14 Die reg wat deur die bestuur op grond van bepaalde eienskappe aan ? persoon toegeken word, word ___________ genoem.

A. delegering
B. gesag
C. spanwydte van leiding
D. koördinering

1.15 _________________ het te doen met die reg wat die versekeraar verkry om in die plek van die versekerde te tree en die regte en regsmiddele van die versekerde vir eie gewin toe te eien.

A. Herversekering
B. Subrogasie
C. Sedering
D. Reg van vervanging

1.16 Krediet op ? gewone ope rekening word deur ? handelaar verskaf _________________ .

A. met ? verband as sekuriteit
B. met die oordrag van ? lewenspolis as sekuriteit
C. sonder sekuriteit
D. met ? borg as sekuriteit

1.17 Hierdie onderneming het geen voortbestaan nie, maar kan maklik by veranderde marktoestande aanpas.

A. Sporttoerusting BK
B. Motoronderdele (Edms) Beperk
C. Wooltru Beperk
D. Joe se Koffiewinkel

1.18 ? Onderneming verkoop sy "suksesresep", idees, naam, handelsmerk en bestuursvernuf aan persone in ? spesifieke gebied. Dit staan bekend as _______ .

A. die korporatiewe stelsel
B. die informele sektor
C. franchise
D. die geadministreerde stelsel

1.19 Watter instansie verskaf fasiliteite vir die toets van plaaslik vervaardigde goedere?

A. WNNR
B. SABC
C. SACOB
D. SABS

1.20 BBP Handelaars BK se beraming van **verwagte** inkomste en uitgawes vir die volgende finansiële jaar staan bekend as _____________ .

A. ? begroting
B. data
C. statistiek
D. ? balansstaat (20x3 elk)= **(60)**

Al die onderstaande stellings is ONWAAR. Vervang die onderstreepte woord met die korrekte woord om die stelling WAAR te maak. Skryf net die woord langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

1.21 Houers van <u>stigtersaandele</u> is geregtig op ? vasgestelde dividend.

1.22 ? <u>Borg</u> is ? vorm van sekuriteit waar die krediteur die reg op die vaste eiendom van die debiteur verkry as die debiteur nie betaal nie.

1.23 <u>Sedering</u> gee die versekeraar die opsie om beskadigde goedere te vervang, eerder as om ? kontantbedrag uit te betaal.

1.24 Die Land Bank administreer en belê fondse van Staatsdepartemente wat tydelik nie gebruik word nie.

1.25 Die totaal van die direkte grondstofkoste, plus die direkte arbeidskoste, verteenwoordig die totale produksiekoste.

(5x2 elk)= **(10)**

Gee slegs EEN begrip vir elk van die volgende omskrywings. Skryf net die begrip langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer.

1.26 Die deel van ? maatskappy se wins wat onder die aandeelhouers verdeel word.

1.27 Vertroulike inligting oor kliënte wat deur handelsbanke verskaf word.

1.28 Hierdie skakeldiensonderneming ontvang del-credere kommissie wanneer die risiko van kredietverlening aanvaar word.

1.29 Goedere wat die verbruiker met min inspanning en tydsbesteding aankoop.

1.30 ? Dokument waarin ? publieke maatskappy die publiek uitnooi om aandele in die maatskappy te koop. (5x2 elk)= **(10)**

Dui aan of elk van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf jou keuse langs die vraagnommer in jou antwoordboek neer. Indien die stelling ONWAAR is, moet jy **slegs die onderstreepte gedeelte** verander om dit WAAR te maak.

1.31 Beslote korporasies verkry kapitaal deur die verkoop van aandele aan die stigters.

1.32 Die doel van werkstudie is om die presiese tyd te bepaal wat ? opgeleide werker aan ? spesifieke taak spandeer.

1.33 Gespesialiseerde eendoelige masjiene word in ? massaproduksiestelsel gebruik.

1.34 Bo-koste bestaan uit vaste- en veranderlike koste.

1.35 Die faktorering van debiteure hou verband met verbandlenings.

1.36 Die opstel van ? swartlys van swak betalers is een van die funksies van die SABS.

1.37 Een van die doelstellings van prysbepaling is om die produkte te onderskei van dié van mededingers.

1.38 Bedryfsbates het ? lang lewensduur.

1.39 Stukproduksie maak deel uit van onderbroke produksie.

1.40 Bedryfsoptimum beteken dat dit die punt is waar ? fabriek die beste ekonomiese werking het.

(10x2 elk)= **(20)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [100]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 2

Jy is ? besigheidskonsultant en ses mense het jou om advies genader om ? ondernemingsvorm te stig in ooreenstemming met die vereistes van Wet 69 van 1984. Hierdie soort onderneming mag nie tien lede oorskry nie. Stel ? skriftelike verslag op waarin jy hierdie ondernemingsvorm bespreek. **[50]**

### VRAAG 3

"Doeltreffende reklame is duur en daarom moet ondernemings seker maak dat hulle die beste resultate en reaksie op hul advertensies kry. Dit is dus belangrik om ? reklameveldtog deeglik te beplan aan die hand van sekere beginsels". Bespreek hierdie stelling. **[50]**

### VRAAG 4

"Finansiële beplanning en die keuse van die finansieringsbron is noodsaaklik vir ENIGE BESIGHEID. Alle kapitaal moet ekonomies aangewend word sodat die besigheid die hoogste moontlike rentabiliteit op sy kapitale belegging kan verkry". Bespreek hierdie stelling. **[50]**

### VRAAG 5

Organisasie en leidinggewing (aktivering) is twee van die hoofelemente van bestuur. Verduidelik die ander twee hoof bestuurselemente wat ? besigheid se bestuurspan moet aanwend om die onderneming se sukses te verseker. **[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [100]**

## AFDELING C

Beantwoord enige **VIER** vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 6
### ONDERNEMINGSVORME

6.1 Tabuleer enige SES verskille tussen ? vennootskap en ? privaat maatskappy. (12)

6.2 Verduidelik die volgende faktore wat ? rol sal speel by die keuse tussen ? vennootskap en ? publieke maatskappy:

6.2.1 Bestaanskontinuiteit (4)

6.2.2 Belastingimplikasies (4)

6.2.3 Implikasies wanneer ? lid sy/haar belang in die onderneming wil verkoop. (4)

6.3 Een van die twee dokumente wat die grondwet (konstitusie) van ? maatskappy vorm, sit die huishoudelike reëls waarvolgens die maatskappy beheer en bestuur moet word, uiteen.

6.3.1 Na watter dokument word hier verwys? (2)

6.3.2 Verwys kortliks na die volgende aspekte van die grondwet / konstitusie:

– Vergaderingreëlings (6)
– Direkteure (6)

6.4 ? Eenmansaak as ondernemingsvorm hou sekere nadele in. Noem, in vol sinne SES van die nadele. (12)
**[50]**

### VRAAG 7
### BEMARKINGSFUNKSIE

7.1 Ondernemings spandeer baie tyd en geld aan geskikte verpakkingsmateriaal. Noem VYF redes waarom verpakking belangrik is. (10)

7.2 Bespreek die volgende faktore wat ? invloed kan hê op prysbepaling:

7.2.1 Markvorme (12)
7.2.2 Normale handelspraktyke (4)

7.3 Baie fabrikante verkoop hul produkte deur middel van groot- en kleinhandelaars. Noem VYF redes waarom fabrikante van hierdie verspreidingsproses gebruik sal maak. (10)

7.4 Noem VIER redes waarom die gewildheid van die informele sektor deesdae so toeneem. (8)

7.5 Franchise is deesdae ? baie gewilde besigheidsvorm. Gee DRIE redes waarom sommige entrepreneurs nie in ? franchise wil belê nie. (6)
**[50]**

## VRAAG 8
## BEMARKINGS- EN FINANSIERINGSFUNKSIE

8.1 Omskryf interne publisiteit as deel van bemarkingskommunikasie. (6)

8.2 Noem VIER vereistes waaraan ? goeie advertensie moet voldoen. (4)

8.3 Omskryf die volgende begrippe kortliks aan die hand van stawende voorbeelde:

8.3.1 Vaste kapitaal (4)
8.3.2 Faktorering van debiteure (6)

8.4 Noem en omskryf kortliks VYF bronne van inligting insake die kredietwaardigheid van voornemende kredietkopers. (10)

8.5 Wat is die doel met voorraadbeheer in ? onderneming? (8)

8.6 Gebruik die volgende inligting en doen ? volledige **vuurproef-analise**. Alle berekenings moet getoon word en jy moet kommentaar lewer oor hierdie likiditeitsberekening.

| | |
|---|---|
| Debiteure | R12 000 |
| Krediteure | R 8 000 |
| Voorraad | R13 000 |
| Kontant | R26 000 |
| Korttermynlening | R10 000 |

(12)
**[50]**

## VRAAG 9
## FINANSIËLE FUNKSIE: VERSEKERING

9.1 Skryf verklarende aantekeninge oor die volgende:

9.1.1 Brandkasklousule (4)

9.1.2 Versekering van geld in transito (4)

9.1.3 Beginsel van skadeloosstelling (6)

9.1.4 Goeie trou (4)

9.2 Sommige risiko's word deur versekeraars as ekonomiese risiko's beskou en daarom sal hulle nie bereid wees om hierdie risiko's te verseker nie. Noem VYF sulke risiko's en dui aan hoe die betrokke persone die risiko's kan uitskakel of verminder. (10)

9.3 ? Onderneming wil brandversekering uitneem. Verduidelik die volgende in hierdie verband:

9.3.1 Faktore wat die risiko kan bepaal (6)

9.3.2 Prosedure om versekering uit te neem (8)

9.3.3 Die pligte van die versekerde (6)

9.3.4 Watter klousule sal die versekeraar toepas indien die bates onderverseker is? (2)
**[50]**

## VRAAG 10
## PRODUKSIE- EN ADMINISTRATIEWE FUNKSIE

10.1 Massaproduksie hou sekere voordele in. Beskryf SES van hierdie voordele. (12)

10.2 Korrekte fabriekuitleg sal voordelig wees vir ? vervaardigingsonderneming. Noem VIER voordele hiervan. (8)

10.3 Produksiebeheer is noodsaaklik in fabrieke. Noem enige VIER aspekte rondom produksiebeheer. (4)

10.4 Omskryf die volgende begrippe kortliks:

10.4.1 Werkmeting

10.4.2 Metodestudie

10.4.3 Masjienbesetting

10.4.4 Gespesialiseerde masjiene (4x2 elk)= (8)

10.5 Skryf verklarende aantekeninge oor **rekeningkundige rekords** as deel van die administratiewe funksie. (10)

10.6 Wanneer die administratiewe funksie gesentraliseer word, kan dit sekere nadele vir die onderneming inhou. Noem VIER van hierdie nadele. (8)

**[50]**

## VRAAG 11
## FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR EN DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING

11.1 Noem en verduidelik VIER verskillende begrippe rondom die formulering van die ondernemingsbeleid. (12)

11.2 Een van die organisasiestrukture sentreer rondom projekspanne. Identifiseer en bespreek hierdie organisasie struktuur. (8)

11.3 Bespreek **kommunikasie** as ? bykomende bestuurselement. (10)

11.4 Noem die dienste wat elk van die volgende instansies lewer:

11.4.1 DRIE dienste van die Sakekamers (6)

11.4.2 VIER dienste van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (8)

11.4.3 DRIE dienste van die Landbank (6)

**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [200]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**